

2 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1-18

Hanna se smart word nie verstaan nie

Hanna het 'n swaar kruis gedra: sy het geen kinders gehad nie. Haar kruis is swaarder gemaak deur mense naby haar wat haar smart nie verstaan het nie. Die eerste was Peninna, tweede vrou van Elkana, wat haar oor haar kinderloosheid bespot en verneder het. En toe sy haar toevlug tot haar man neem, verstaan ook hy nie haar smart nie! Insteede daarvan dat hy haar na die Here verwys om saam met haar te bid, verwys hy haar na homself: "Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?"

Maar die grootste smart tref haar as sy tempel toe gaan om te bid, want toe die hoëpriester Eli haar roerende lippe sien, is sy eerste gedagte dat sy dronk is. Daarom word sy liefdeloos weggejaag. Arme Hanna! Is daar niemand wat jou smart kan verstaan nie? O ja! Die God van Israel verstaan. En Hy hoor nie net nie, maar verhoor ook. So verseker Eli haar toe hy sy fout agterkom.

As jy op hierdie oomblik smart ondervind vanweë die skerp tong of onverstandigheid van jou medemens, moenie wanhoop nie. Het ons Here Jesus dit nie ook ondervind nie? Ja, eensaam en alleen het Hy aan die kruis ons smart gedra. Daarom die uitnodiging: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28 OAV). Daarom ook die opdrag aan jou: Probeer om die smart van jou medemens te begryp - en help hulle deur die krag van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 147:2

Dr CJ Malan (Emeritus)